

Hoofstuk van die dag: Efesiërs 3

> *En dit is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie […] word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God … (Efes 3:6)*

Paulus skryf hier van die geheimenis wat God, soos nooit

tevore nie, nou deur sy Gees aan hom en die apostels geopenbaar het (vers 3-5). ’n Mens verwag onwillekeurig dat dié geheimenis daarin geleë is dat Christus ons kom verlos het. So is ons immers: selfgerig. Dit gaan oor mý. Jesus se hele koms was om mý te red.
Natuurlik het Hy vir my gekom, en vir jou. Maar vir Paulus lê daar ’n ander groot wonder in Christus se koms: dat ook dié wat tradisioneel uitgesluit was, nou deel van God se volk kan wees en deel kry aan wat God belowe het (vers 6).
Ek het geskrik toe ek lees wat Paulus geskryf het, want ek mis daardie soort passie vir ander se redding in myself. Dit gaan nie in die kerk en die evangelie (net) oor my nie. Dit gaan oor almal, en ons vreugde moet daarin lê dat ander mense wat nou buite die kerk staan, in Christus ook plek in die gemeente kan kry.
Dís nou grensverskuiwend.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026